Tema: Die Heilige Gees is ons helper en ons moet Hom volg want Hy lei my in die Waarheid : Jesus Christus.

Vooraf sang
Lied 447: 1, 2, 3
Lied 431: 1, 2

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 7 - 2: 1
Votum
Seën
Loflied Sb 1-1: 3, 6, 7
Geloofsbelydenis: 12 Artikels en Sb 12-2: 4 en 5.

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Eksodus 20
Gebed van belydenis
Vryspraak
Sing Sb 8-1: 2

Woorddiens
Skriflesing: Johannes 14: 15 - 25
Teks: Johannes 14: 15 - 17 en 25
Sing Sb 7-2: 2
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir Bediening na Buite
Sing Sb 8-3: 1
Seën
Amen Sb 13-2.

Geliefde brs. en srs. en kinders

ŉ Mens kan jou indink in die wonderlike, intieme verhouding wat daar tussen Jesus en sy naby-dissipels ontstaan het in die ongeveer 3 jaar wat Hy saam met hulle deurgebring het. Hierdie verhouding was gebou op die nuwe lewe, hoop en lig wat Jesus vir hulle gebring het, deur hulle deel te maak van sy koninkryk. Dink maar aan hoe gewillig hulle Hom gevolg het toe Hy hulle geroep het. Dit kon net gebeur omdat Hy aan hulle geloof gegee het. Hulle het hulle werk gelos en Hom gevolg waar Hy ook al gegaan het.

Saam het hulle wonderlike dinge beleef. Hulle het sy kragtige prediking gehoor en gesien hoe mense tot geloof kom. Hulle het sy wonderwerke gesien. Hulle het beleef hoe Hy blindes laat sien, melaatses genees, dowes laat hoor, lam en gestremde mense laat gesond maak en laat loop. Hulle het beleef hoe Hy dooie mense lewend gemaak het. Hulle het die beleef hoe Hy met 5 grasbroodjies en twee vissies ongeveer 15 000 mense kos gegee het.

Jesus het hulle lewens totaal verander en hulle deel gemaak van ŉ opwindende nuwe tydvak in die wêreldgeskiedenis. Hulle het self beleef hoedat mense deur hulle eie prediking tot geloof kom. Hoe hulle duiwels kon uitdryf, siekes genees en mense tot geloof lei. Onthou julle hoe opgewonde was die dissipels tot hulle teruggekom het van hulle eerste sendingreis af? Hulle het wonderlike dinge deur geloof kon doen!

Die Here het ŉ persoonlike verhouding met elkeen van hulle gehad en hulle het na Hom opgekyk as hulle leier, hulle mentor en hulle Here. Telkens moes Jesus die leiding gee. Gereeld moes Hy hulle waarsku en vermaan om hulle op die regte pad te hou.

Later in sy bediening, toe die eise wat Hy vir sy volgelinge gestel het al hoe swaarder geword het, het ŉ deel van die groter groep volgeling Hom verlaat, maar die 12 dissipels het gesê: Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat die ewige lewe gee! En ons glo vas en weet dat U die Heilige van God is".

Omdat hierdie verhouding tussen Hom en die dissipels so heg was, het Jesus geweet Hy moet die dissipels begin voorberei dat Hy van hulle af weggaan. Hy moes hulle as't ware van Hom speen en hulle voorberei dat Hy nie self meer by hulle gaan wees nie! Reeds in Johannes 7 het Hy al vir hulle gesê dat Hy weggaan en hulle kon dit nie verstaan nie.

Soos die tyd van sy kruis en hemelvaart nader gekom het, het Jesus al meer met hulle hieroor gepraat om hulle voor te berei. Ons teksverse vorm deel van hierdie voorbereidende gesprekke.

In ons teksverse troos en bemoedig Jesus hulle met die belofte dat wanneer Hy weggaan Hy die Vader sal vra om vir hulle Iemand anders te stuur om by hulle te wees. Hy los hulle nie alleen nie in hulle aardse stryd en lewe nie, maar stuur die Heilige Gees om hulle te help en te lei in die waarheid. Soos Jesus hulle gehelp en gelei het, so sal die Heilige Gees hulle help en lei. Hulle sal die Gees net so persoonlik ken en beleef soos wat hulle

Jesus persoonlik geken en beleef het. Wat Jesus eintlik sê is dat hulle deur dat hulle die Heilige Gees ken en volg, hulle Jesus nog steeds by hulle sal hê.

Br. en sr., dit is ook ons troos vanmore: dat God ons nie alleen los in ons lewe op aarde nie! In sy liefde en sorg voorsien die Vader in Christus Iemand wat by ons staan, wat ons help en ons lei soos Christus sy dissipels gehelp en gelei het.

En daarop is die boodskap vanmore dat die Heilige Gees ons Helper is, dat ons Hom moet ken en volg want Hy lei ons in die Waarheid naamlik Jesus Christus. En so is Christus eintlik nog elke dag persoonlik by ons, soos Hy by die dissipels was.

Eintlik is dit meer as net Christus wat by ons is. Deur die koms van die Heilige Gees bring Hy as't ware God die Vader en Christus na ons toe. Want, sê ons teksvers, dit is Jesus wat bid dat die Gees moet kom en dit is die Vader wat Hom stuur. Hy kom van God die Vader en van God die Seun en as God self bring die Heilige Gees alles wat ons van God nodig het na ons toe! Deur die Heilige Gees se koms met Pinkster het God Drie-enig sy geloofswerk in ons voltooi en is ons bemagtig om as gelowige vir God te lewe.

Br. en sr., hierdie is 'n wonderlike waarheid en ons moet vanmore mooi oor die betekenis hiervan nadink! Dat ek en jy vir alles in ons lewe toegerus is. Vir elke probleem, elke beproewing, elke versoeking, elke uitdaging of opdrag is God by ons! Meer nog! Is Hy in ons! Werk Hy kragtig en toerustend in ons om te kan doen wat God wil hê ons moet doen.

Ons sal dit beter verstaan as ons dieper kyk na die werk wat in ons teksvers vir die Heilige Gees gegee word. Die 1983 vertaling noem Hom ons "voorspraak". Die 1933 vertaling noem Hom ons "trooster" maar nie een van die twee vertalings gee die volle betekenis van die werk van die Heilige Gees weer nie!
Die Griekse woord wat hier gebruik word, is die woord "parakletos". In sy oorspronklike vorm beteken die woord: dit is iemand wat geroep word om te kom help. 'n Parakleet is dus iemand wat spesiaal geroep word om te kom help. Ons kan dus sê die Heilige Gees is ons helper. Hy is spesiaal deur God die Vader en deur Jesus Christus nader geroep om ons te kom help met alles wat ons nodig het.

In die Griekse wêreld was die woord parakleet gebruik in 'n wye betekenisveld. Dit word bv gebruik vir 'n spesialis wat ingeroep word om as getuie in 'n hofsaak te dien. Hy kan ook as advokaat namens iemand anders in die hof praat. Dit is die betekenis wat die 1983 vertaling aan die woord gee met "voorspraak". Die Heilige Gees praat namens ons! Kan julle onthou waar lees ons van hierdie rol van die Heilige Gees in ons geloofslewe? Dit staan mos in Romeine 8, nie waar nie? Dat die Heilige Gees namens ons bid! As ons nie meer weet hoe en wat om te bid nie, dan is die Heilige Gees ons parakleet – ons voorspraak – dan praat en bid Hy namens ons.
Verder was die parakleet iemand wat as spesialis ingeroep is om advies te gee in moeilike sake. As Helper is die Heilige Gees ook ons raadgewer en sy raad is nooit verkeerd nie. Jesus noem Hom hier die "Gees van die waarheid" want Hy lei ons in die waarheid. Die Heilige Gees se spesifieke rol in ons teksvers is om ons in die waarheid te lei.

Brs. en srs., julle weet hoe ons vandag in ŉ wêreld vol misleiding, leuens en dwaalleer lewe. ŉ Mens staan verstom oor die leuens en dwalinge wat in die naam van die Here en die Bybel verkondig word. En ons moet elke dag kan onderskei tussen wat is waar en wat is vals. Want elke dag moet ons in liefde aan die Here gehoorsaam wees en dan moet ons weet om te kies tussen reg en verkeerd. En hierin help die Heilige Gees ons in besonder as Gees van die Waarheid. Hy is ons spesialis raadgewer na die waarheid.

Hy lei ons in die waarheid! Watter waarheid? Die waarheid van die Bybel! Want ons lees in 2 Petrus 1 dat Hy, die Heilige Gees, het gesorg dat ons die Bybel as die Woord van God het. In Efesiërs 6 word die Bybel "die swaard van die Gees" genoem. Die Bybel is dus die waarheid waarmee die Heilige Gees ons lei.

Daarom geliefdes, moet ons die Bybel ken! As jy die Heilige Gees wil ken en sy waarheid te wete wil kom, moet jy die Bybel ken! Moet jou nie laat mislei deur mense wat praat van allerhande sogenaamde persoonlike openbaringe van die Heilige Gees nie! Moet nie val vir die gewilde leuen dat jy deur drome en visioene die waarheid sal weet nie!

Jesus sê hier uitdruklik: Ek stuur die Heilige Gees om julle te help om die waarheid te ken en daarin te leef. En in vers 25 beklemtoon Jesus dat die Heilige Gees nie nuwe dinge gaan sê nie, maar dat Hy ons sal herinner aan wat Jesus gesê het. Want Jesus is die weg en die waarheid en die lewe! Daarom lei die Heilige Gees ons telkens deur die Bybel terug na Jesus. En so het Jesus sy belofte aan die dissipels en ons gestand gedoen: dat Hy altyd by ons sal wees. Wanneer ons die Heilige Gees volg deur aan die Bybelse waarhede vas te hou, dan is Jesus by ons!

Die Heilige Gees bring nie waarhede op allerhande vreemde maniere nie! Hy gee jou telkens nuwe insigte in die Woord van die Here. Hy openbaar telkens aan jou op nuwe wyse die ou waarhede van die Woord.

Daarom brs. en srs., as jy die Heilige Gees soek en persoonlik wil leer ken, moet jy jou Bybel leer ken! Daar sal jy die Gees se bystand vind, daar sal jy sy nabyheid ervaar en sy leiding kry. Daarom moet ons ook vir mekaar vra: hoeveel tyd en moeite doen ons om die Bybel werklik te leer ken. Lees ons net oppervlakking sonder om diepgaande ondersoek te doen? Is dit nie dalk die rede waarom ons vir mekaar sê dat ons nie die stem van die Gees in ons lewe hoor nie?

Die "parakleet" was ook 'n spesialis wat ingeroep word om mens te bemoedig. So het die Griekse generaal ŉ parakleet gekry om soldate op die gevegsfront te gaan moed inpraat. As die manne moeg geveg was, baie terugslae beleef het en nie meer wou veg nie, dan moes die parakleet kom om hulle moet in te praat! Dit is ook die opdrag aan die Heilige Gees! Hy moet ons troos en moed inpraat. Dit is die betekenis waarvoor die 1933 vertaling gekies het met die vertaling "trooster" of "bemoediger".

Br. en sr., hoe wonderlik sorg die Here nie vir ons nie! Wanneer ek en jy moeg word, wanneer ons nie meer wil aangaan nie, wanneer die lewe vir ons te veel word, dan kom ons parakleet, die Heilige Gees, spesiaal deur die Vader en Christus gestuur, om ons op die gevegsfront van die lewe moed in te praat en vir ons weer hoop en uitkoms te bring. Sodat ons nie moedeloos handdoek ingooi nie, maar kan aangaan met die stryd.

Maar geliefdes, die Heilige Gees is meer as net Iemand wat by my staan. Die Heilige Gees is nie net ŉ lewensafrigter of "life-coach" wat langs met stap en my lei nie. Hy werk op mistieke wyse ook kragtig in my. Hy gee my krag om te kan "cope" met die lewe! Hy staan in ŉ persoonlike verhouding met my waarin Hy my persoonlik bemagtig. Jesus sê in ons teksverse "julle ken Hom omdat Hy by julle bly en in julle sal wees". Geliefdes, hier het ons met ŉ goddelike geheim te doen. Dat God in ons woon! Dat Hy nie net langs ons loop en raad gee nie, maar in ons woon en werk. Op geheimnisvolle wyse gee God aan ons goddelike krag vir die lewe!

Die Heilige Gees vul my met goddelike krag sodat ek kan doen wat mens uit blote menslike krag en wysheid of insig nie kan doen nie. Dis waarom ons kan opstaan uit die as van ons mislukkings en sonde! Dit is waarom ons in skynbaar hopelose situasies, moed kan skep en hoop kan vind! Omdat die Heilige Gees goddelike krag in my werk, kan ek gehoorsaam wees aan God te midde van ŉ wêreld wat God verwerp. Omdat God in my krag werk kan ek Jesus liefhê en Hom gehoorsaam te midde van ŉ wêreld wat Hom haat en almal wat Hom dien wil vervolg.

Dis hoekom ons die waarheid kan ken! Jesus sê uitdruklik hier dat die ongelowige wêreld die Heilige Gees nie kan ken nie –want hulle erken nie die goddelike ingrype van Bo nie! Ons kan die waarheid ken want ons erken dat God deur sy Gees ons lei! Ons oë is oop vir die waarheid!

Geliefdes, wat ŉ wonderlike genade het die Here nie ons bewys nie! Ons wat uit eie krag en wil nie hierdie dinge kan doen nie, word daartoe bekragtig deur die Heilige Gees. Dit beteken nie dat die Heilige Gees sonder ons of buite ons om werk nie! Hy werk juis deur ons! Hieroor sal ons vanaand verder praat. Ek staan nie magteloos nie – die Gees bemagtig my en laat my die dinge doen!

Ten slotte: br. en sr., die dissipels was nie beter af toe Jesus nog by hulle op aarde was nie! Hulle en ons is beter af vandag die Heilige Gees op Pinksterdag uitgestort is en in elkeen van ons en in die kerk kom woon het. Net soos wat Jesus die dissipels persoonlik geleer en gelei het, so leer die Heilige Gees vir jou en my. Ek en jy kan en moet Hom net so persoonlik ken en volg soos wat die dissipels vir Jesus geken en gevolg het.

Leef dus in ŉ innige persoonlike verhouding met jou Parakleet! Ken Hom en soek sy leiding elke dag in die Woord. Maak seker dat Hy elke dag saam met jou loop en luister as Hy met jou praat! Bid gereeld dat Hy jou sal vul en jou krag sal gee! Gebruik die gawes wat Hy jou gee om Jesus lief te hê en God te dien.

Die belofte waaraan ons kan vashou is dat Hy altyd by ons sal bly tot dat Jesus weer kom! Ons sal dus nooit sonder hierdie hulp en bystand en krag van God wees nie!

Mag ek en jy ons Parakleet opnuut leer ken en Hom gehoorsaam volg om so by Christus uit te kom en sy persoonlike teenwoordigheid in ons lewe te ervaar.

Amen